

**Titel:** Vrymoedigheid  
**Pastor:** Sias le Roux  
**Datum:** 14 Februarie 2010  
**Tyd:** 17:00



**a: Om God te nader**

**Hebreërs 4:16**

<sup>16</sup> Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

**Hebreërs 10:19-20**

<sup>19</sup> Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus <sup>20</sup> op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees

**I Johannes 4:17-18**

<sup>17</sup> Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. <sup>18</sup> Daar is geen vrees in die liefde nie ...

**b: Om God te vra**

**Mattheus 21:22**

<sup>22</sup> En alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang as julle glo.

**c: Om te doen wat God vra**

**Handelinge 3:6-7**

<sup>6</sup> Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!

**Handelinge 4:13**

<sup>13</sup> En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken.

**d: Om aan te kondig**

**Handelinge 4:29-31**

<sup>29</sup> En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, <sup>30</sup> deurdat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van u heilige Kind Jesus plaasvind. <sup>31</sup> En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek.

**Efesiërs 3:8-12**

<sup>8</sup> Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig...

<sup>10</sup> sodat nou deur die gemeente aan die owerhede en magte in die hemele die menigvuldige wysheid van God bekend gemaak kan word...

<sup>12</sup> in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertrouwe deur die geloof in Hom.

**e: Met salwing**

**II Korinthiërs 2:5-7**

<sup>5</sup> Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het. <sup>6</sup> Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon.